

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 14

7 April 2024



Gebed... vir elke dag (1)

Wat van, om jou elke dag in te kleur met hierdie wonderlike gebed: “Here, maak my dag vol met die ryk inhoud van Jesaja 9:5 : “’n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors!”

Ons lewe in siklusse van tyd – 24 uur in elke dag, sewe dae per week, 12 maande en natuurlik seisoene en jare. Die kuns van die lewe is om elke siklus in gesprek met jou hemelse Vader binne te gaan.

1. Here, wat is die geskenk wat U vandag in Christus vir my wil gee?

Die openbaring van Christus is die grootste geskenk van God aan ons. “ Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur Sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur die begeerlikheid in die wêreld is.”

In Christus het God ons alles geskenk wat tot die lewe en ‘n heilige bestaan lei!

2. Here, waar wil U, U heerskappy vandag meer sigbaar maak?

As ons besef dat ons op ons eie nietig is, maar kragtig in ons verbintenis met die Koning bo alle konings, leef ons met goeie perspektief! “Here, wys my waar my eie wil aan U begeerte vir my dag onderwerp moet word.” “ Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.” Rom 8:6-7.

“Here, U Gees bedink lewe en vrede en ek soek dit bo alles!”

3. Here, waar moet ek let op die wonder van vandag?

Sy naam sal genoem word Wonderbaar. Elke dag hét bewondering in, maar ons jaag soms by die skoonheid van die lewe verby. Dié vraag help ons om elke dag in die oomblik te lewe. Paulus praat oor die gewoonte van dankbaarheid in 1 Tess 5:18: “ Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus vir julle.” “Vader, wys my waarvoor ek dankbaar kan wees, wys my wie of wat ek vandag moet vier. Help my om nie by U skoonheid verby te jaag nie.” (vervolg)

Dankie!

**Vir die opstanding van Christus Jesus uit die dood
deur die krag van God deur die Heilige Gees!!!**

Gemeente en algemene voorbedding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
- Vir die stembag en aanloop daarna toe.

Gebedsversoeke

- | | |
|--------------------------|---------------------------|
| • Lottie Conradie | Ockie Fourie |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Rudi Kruger |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Flippie Roslee |
| • Annika Killian | Sumari Pretorius |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Annatjie Pienaar | Jurie Matthee |
| • Jillian Jansen | Jaap Naude |
| • Willie Britz | |

Ons innige medelye met familie en vriende van Tannie Poppie Reyneke met haar afsterwe!

Gedagte vir die week

**Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei,
is kinders van God.
Rom 8:14**

Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org